STOP KALK IN SY SPORE

ISRAELI PTH

WATER-KONDISIONEERDER

WAT IS ‘N PTH?

‘n PTH – die afkorting staan vir PERFEKTE TEEVOETER VIR HARDHEID – is ‘n in-lyn, onbreekbare chemikalië-vrye, veeldoelige katalitiese omsetter, spesifiek ontwerp om die nadelige effekte van harde water uit te skakel, en sodoende sensitiewe implimente beskerm.

Dit bied die verbruiker ‘n reeks bykomende voordele wat wissel van gesondheidsverbetering, tot die aanwakkering van kontantgewasse, tot die verbetering van die smaak van brak water. (Cobus Rossouw van Bloemfontein vermeld dat sy water nou soos reënwater proe nadat PTH daarmee klaargespeel het!)

HOEKOM HET EK ‘N PTH STELSEL NODIG?

Is jy raadop met harde water? Het die geiser vir die soveelste keer gebreek? Skuim jou seep nie? Jeuk jy as jy klaar gestort of gebad het? Het jy al duisende Rande spandeer om jou wasmasjien, jou skottelgoedwasser of jou ysmasjien in stand te hou?

Dis alles die gevolg van een enkele faktor: KALK.

Kalk word veroordsaak deur die teenwoordigheid van Kalsium (Ca) en Magnesium (Mg) in die water. Sodra water wat hierdie stowwe bevat verwarm word, slaan dit onmiddellik neer in die vorm van ‘n aanpaksel. Dis ‘n karbonaat, of CaCo3 of MgCo3.

EN DIT KOS JOU GELD: EEN MILLIMETER KALK VEROORSAAK ONMIDDELLIK ‘N STYGING IN KRAGVERBRUIK VAN 10%!

Uit ‘n gesondheidsoogpunt, sal jy jou ligaam ‘n reuseguns bewys deur PTH-behandelde water te drink. Lees verder…

WAARVOOR WORD DIE TOESTEL GEBRUIK ?

Die PTH is ‘n veeldoelige waterkondisioneerder. Dit word vir die volgende doeleindes gebruik:

- Voorkoming van kalksteen-aanpaksels en roes.
- Verwydering van reeds-gevormde kalk- en roesneerslae en aanpaksels.
- Bekamping van yster- en mangaan-neerslae.
- Vermindering van oksidasieprosesse met gepaardgaande neerslae.
- Vermindering van gasinhoud van water.
- Verbetering van smaak, onder andere brak, chloor en swael smaak.
- Verbetering van wasvermoë vanweë " natter " water.
- Verhoging van grondinfiltrasie-vermoë.
- Verbetering van saadontkieming.
- Verbeterde plantegroei en verhoogde produksie.
- Voorkoming van verbrakking van grond.
- Verbeterde benutting van swembad-chemikalië
- Verminderde algegroei in swembaddens en suipkrippe

WAARUIT BESTAAN DIE TOESTEL?

Die Israelies-vervaardigde PTH Water kondisioneerder stelsel bestaan uit `n vlekvrye staal buite-omhulsel, die buis, met `n ingeboude kern saamgestel uit 12 verskillende edelmetale en -minerale, wat as katalisator dien. Die sisteem word vervaardig in groottes van `n 1/2 duim tot 12 duim, om water volumes van 600 liter per uur tot 1 miljoen liter per uur te behandel. Stelsels tot op 2 duim in deursnit het standaard manlike skroefdraad op die punte vir maklike installasie, terwyl groter eenhede flense op die punte het.

HOE WERK DIE STELSEL ?

Die PTH benodig ***geen chemikalieë*** of sout nie, en werk sonder enige elektrisiteit.

Deur die vrystelling van elektrone afkomstig van die binnekern, asook turbulensie opgewek deur die unieke vorm van die kern met sy ingeboude vloeibane , word die kalk (katione, bv. kalsium en magnesium) teenwoordig in die water, effektief opgebreek en in suspensie gehou, sodat dit skadeloos deur die water-stelsel vloei sonder om `n neerslag te vorm. Aanvullende elektrone word vrygestel vanaf `n neutrale grond-aarddraad, wat gratis saam met elke toestel voorsien word. Die kalk in die water teenwoordig word dus nie soos met `n konvensionele waterversagter onttrek nie, maar die samestelling daarvan word verander en in effek opgebreek, oftewel geneutraliseer. (Die polariteit van die minerale-soute word ook in die behandelingsproses verander, sodat dit nie meer saam verbind en ‘n kalksteen-neerslag vorm nie. Dit veroorsaak dat water wat brak smaak

merkbaar beter proe en oneindig meer geskik is vir gewasse en plante wat sensitief is vir water van swak gehalte (bv. waters met hoë soutinhoud wat brakheid tot gevolg het, dit wil sê as gevolg van hoë konsentrasies natium en chloried).

WAT VAN CHLORINE IN DIE WATER?

Die PTH verminder ook die gasinhoud van water, bv swael, wat as ‘n neutrale gas in die atmosfeer vrygestel word. Hierdie verskynsel is een van die redes hoekom PTH verbruikers minder die kenmerkende klorine-reuk kry wanneer hulle stort, want die klorine in die water teenwoordig word nou as ‘n neutrale gas, bv Cl2, in die atmosfeer vrygestel. Belangrik is die volgende: Die PTH verminder die konsentrasies residuele klorine in water met soveel soos 60%. (Sommige onbevestigde toetse het al ‘n lesings van so hoog soos 70% aangedui.)

Hierdie vermindering is toe te skryf aan die bevryding van klorine wat kunsmatig vasgevang is tussen die opgeloste partikeltjies minerale-soute voordat die PTH aan die werk spring met sy unieke behandelingswyse. Die klorine word nou aan die atmosfeer vrygestel as ‘n gas die oomblik as jy die kraan oopdraai! En wat meer is, die water is nou veel meer drinkbaar, want daardie nare klorine-smaak is feitlik weg!

VERMY CHEMIKALIEE….!

Dit alles is die uitwerking van wat genoem word KATALITIESE BEHANDELING, oftewel elektro-chemiese behandeling, ‘n tegniek wat vandag internasionaal verkies word bo gewone chemiese behandeling, wat ‘n reeks bewese nadelige effekte teweeg bring, beide vir die menslike liggaam en vir die omgewing (vgl die dokument hierby, die 10-Punt Voorsprong.)

Die PTH bring die volgende uitwerking in die water te weeg:

1. Dit “poleer” die water.
2. Dit de-ioniseer die katione (positief-gelaaide ione) in die water, byvoorbeeld kalsium (Ca), magnesium (Mg) en natrium (Na), deur die polariteit te verander deur die toevoeging van elektrone, totdat die katione geneutraliseer is.
3. Dit skei die opgeloste mineralesoute van die watermolekules.
4. Dit veroorsaak dat die watermolekules van mekaar geskei word.
5. Dit veroorsaak dat die skaalbindingselemente in die water mekaar afstoot.

Om op te som, kan ons se dat die PTH dieselfde uitwerking op water het as wat sou gebeur wanneer ‘n watermassa oor ‘n klipplaat vloei wat metale en/of minerale bevat. Die water sal vanselfsprekend ‘n verandering ondergaan. PTH het dieselfde uitwerking, net oneidig meer geïntensifiseerd.

DIE PTH BIED DIE VERBRUIKER VEELVULDIGE VOORDELE WEENS SY EFFEKTE OP DIE WATER

- **Enorme mediese voordele: vir die vel minimiseer dit byvoorbeeld eksima of ander uitslag (vgl bv 'n getuigskrif van Michelle Theron van Gansbaai in hierdie verband); sterker hare, tande, naels en hare, omdat die absorpsie van natuurlike boustowwe soos kalsium en magnesium oneindig aangewakker word deur PTH-behandelde water in te neem. (Magnesium en kalsium is natuurlike boustowwe noodsaaklik vir die instandhouding van tande, naels, hare en bene.)**
- **Gesonder en veiliger water – aanbeveel deur mediese spesialiste – 'n getuigskrif van Dr Bouwer is beskikbaar.**
- **Veel sagter water vir huishoudelike gebruik – besparings van tussen 20% en 30% op sepe, waspoeiers en sjampoes is al aangeteken.**
- **"Natter" water vir besproeiing (omdat die watermolekule - H2O – "gerek" word.) Hierdie verskynsel noodsaak dat benattingstydperke drasties besnoei moet word. Dit het 'n direkte besparing van tot 40% op besproeiingswater, byvoorbeeld, tot gevolg.**
- **Verwydering van bestaande kalk en roes in enige geslote waterstelsel, soos byvoorbeeld 'n geiser, verwarmingselement of warmwatersilinders**.
- **Stop kalk in sy spore en voorkom dat dit aanpak in die vorm van karbonate.**
- **Dit inhibeer ook onwenslike oksidasie-reaksies. Roes binne-in 'n pyp, byvoorbeeld, word opgelos en uitgespoel.**
- **Afbreek en uitloog van oormatige sout-konsentrasies uit die grondlae, met gevolglike oesverbeteringe.**
- **Ina Esterhuyse van Aurora in die Sandveld rapporteer dat sy 'n ongelooflike 400% (*ja, u het reg gelees!) verbetering in haar olyfproduksie kon ondervind nadat sy haar PTH geinstalleer het. Babs du Plessis van Malmesbury kon nie tuinmaak met haar brak water voor sy haar eerste PTH bestel het nie. Sy besit nou nie minder as drie van die toestelle nie; en….** " **my tuin groei fantasties van ek die Israeliese PTH geinstalleer het", se Clive Weagle, Vivo, Pietersburg.**
- **Vermindering van gas-inhoud van water. Kevin Kreusch van Belleville, Kaapstad, rapporteer in Februarie 2012 dat sy PTH wat hy reeds in 1996 aangeskaf het, onverpoosd onaangename reuke soos die vroteier-reuk wat gepaard gaan met die teenwoordigheid van swael in die water, verwyder**.

Onbreekbaar en prakties onderhoudsvry

Die PTH toestel is onbreekbaar en prakties onderhoudsvry.

Die stelsel behoort slegs elke ses maande vir 'n inspeksie oopgemaak te word. Die moere op die punte word eenvoudig oopgemaak en die kern uitgetrek. Die enigste "onderhoud" behels dat die kern uit die omhulsel verwyder word en met `n staalborsel skoon geskuur word. Geen onderdele hoef vervang te word nie, wat die sisteem `n uitsondelike lang leeftyd gee. (Die kern is hoogs bestand teen korrosie en roes.)

WIE GEBRUIK DIE TOESTELLE ?

Daar is drie algemene aanwendingsareas:

1. **HUISHOUDELIK**
2. **NYWERHEDE**
3. **LANDBOU/BESPROEIING (Ontbrak grond; tot 200% verbetering op kontantgewasse.)**

"ELKE WATERVERBRUIKER HET EEN NODIG…."

Die PTH sisteem word reeds in meer as 40 lande in die wêreld gebruik deur byvoorbeeld:

Huiseienaars, Boere, Hotelle (sowel die Beacon Island Hotel in Plettenberbaai, as die Holiday Inn in Kaapstad besit PTH's). Koshuise, Woonstelblokke, Kantoorkomplekse, Motorhawens, Slaghuise (Calvinia Slagtery is jare lank reeds 'n verbruiker) , Droogskoonmakers, Wasserye, Tandartse, Kwekerye, Kelders, Laboratoriums, soos byvoorbeeld die Tygerberg Mediese Sentrum aan die Universiteit van Stellenbosch asook Munisipaliteite.

Hospitale soos byvoorbeeld die Constantiaberg Mediese Klinkiek in Kaapstad en die Pelonomi hospitaal in Bloemfontein gebruik etlike jare al 'n PTH.

Skoolkoshuise in gebiede wat berug is vir harde water, soos by De Aar is PTH kliente.

Slaghuise soos die Midway Butchery in Bloemfontein en Calvinia Slagters besing die eiesoortige eienskappe van die PTH produk.

Die veelsydige PTH word letterlik orals gebruik. Die Munisipaliteit van Upington gebruik selfs 'n PTH 20B Industrieel in 'n water-tenkwa!

Voedsel-inmaakfabrieke en –vervaardigers soos Dinner Mate in Louis Trichard en South Bakels by hulle aanlegte dwarsoor Suid-Afrika gebruik jare lank reeds PTH's en hulle kan nie uitgepraat raak oor die resultate nie. (South Bakels het nie minder as vier van die toestelle nie.)

Polyoak is nog een – getuigskrif beskikbaar. Bakkerye van Golden Crust in Kaapstad tot Louis Rademeyer in Kuruman gebruik PTH's.

Myne, vir die beskerming van toerusting soos warmwater-installasies, verhittingselemente, sonpanele, skoonmaak-toerusting. Daar is byna 100 PTH's in bedryf

op die myndorp Kathu. Vir byna 10 jaar lank het daar nie ‘n enkele geiserelement in daardie huise toegekalk nie.

Die SPAR handelswinkel op Knysna het al sedert 2001 ‘n PTH toestel.

Melkboere gebruik PTH’s vir pasteuriseerders, en die beskerming van sensitiewe implemente soos Alva Laval en Milkrite masjiene. (Vra maar vir Danie le Roux van Bultfontein, een van die tien grootste melkboere in Suid-Afrika!)

Hospice Sterilizers wat chirurgiese apparaat moet ontsmet vir gebruik in hospitale, vind PTH’s ‘n onontbeerlike vennoot.

Nywerhede (Samsung, PPC Sement, Polyoak, Marlin Granite en vele ander) vind dat hulle nie sonder die produk kan klaarkom nie, waar dit gebruik word op koeltoerings, lugversorgers, steriliseerders, kondensators, kompressors, waterverkoelde enjins, pompe, verkoelings- toerusting, wasserye en ysmasjiene.

Louis Wannenburg, bekende lugversorgingskontrakteur van Pretoria, berig dat hy by Sanlameiendomme die beste resultate van waterbehandeling op koeltorings ooit waargeneem het, nadat hulle PTH’s begin gebruik het.

Plastiek-gietvorm-aanlegte soos Koogans Plastics en Conti Industries gebruik PTH’s. Beide hierdie instansies het ons van getuigskrifte voorsien.

Groot koopsentrums soos Tygervallei in Kaapstad en die Gateway Kompleks in Gansbaai gebruik jare lank reeds PTH’s met groot sukses.

Marine Products se vis-inmaak-aanleg op Velddrif (Laaiplek) se vierduim PTH beskerm die hele komplekse aanleg met sy netwerk pype, verwarmers, koeltorings, hitte-wisselaars, kompressers en dosseerders vir olie en tamatiesous, vir byna tien jaar al. “Ons kan hoegenaamd geen produksie-verliese bekostig weens staantye as gevolg van kalk en roes in ons stelsels nie, en die PTH wat Pierre Massyn aan ons gelewer het, sorg dat ons fabriek seepglad aanhou loop sonder onderbrekings”, aldus operasionele ingenieur, Jasper Hoon.

Die produk word gebruik by watervoorsiening vir hoenders. Die grootste hoenderplaas in Afrika is Malan Chicks by Lanseria. Neil Taylor (bestuurder) vertel dat die PTH stelsel vir hulle onontbeerlik is. ‘n Tweeduim PTH beskerm die hele hoenderplaas se watertoevoerstelsel.

Die Kentucky Fried hoenderbraaiery op Beaufort-Wes besit etlike PTH’s.

Die PTH word ook aangewend by varkboerderye, konyne-telerye en by veesuipings.

Dit hou sprinkel-en-drup besproeing silwerskoon, en by swembaddens kan die eienaar in sagte water swem, sonder die kenmerkende gejeuk veroorsaak deur chlorienes.

Daarbewens skilfer kalkaanpaksels van die swembad se rante af, en word ‘n allemintige 50% op HTH en ander chlorine-toedienings bespaar, tewyl die PTH op die koop toe die swembadpomp ook beskerm teen roes en kalkaanpaksels. Jacuzzi-eienaars geniet hulle borrelbaddens veel meer met ‘n PTH.

Kobus Allen van Georgestraat 99, Kimberley, is ‘n massaprodusent van ys. Hy meld dat sedert hy sy PTH jare gelde aangeskaf het, hy meer ys as sy konkurente verkoop! Sy ys is veel helderder en op die koop toe word sy ysmasjiene volkome beskerm teen kalk wat so algemeen in Suid-Afrika “hardheid” in ons water veroorsaak.

Naspers in Kaapstad het ‘n aantal PTH’s wat hul geboue vokome beskerming bied. Die hoog-aangeskrewe Randburg Golfklub is nóg ‘n trotse gebruiker. PTH Water Suid-Afrika is ook die amptelike verskaffer aan die Protea Hotelgroep.

Die toestel is as'tware verpligtend vir alle boorgatwater of harde water, en brak water.

NIE ALLEEN WORD TOERUSTING BESKERM TEEN KALK- EN ROESAANPAKSELS NIE, MAAR DIE EFFEKTIWITEIT VAN DIE TOERUSTING IS SOVEEL HOëR, BEHALWE VIR DIE BESPARING OP ENERGIE-VERBRUIK EN MAN-URE WAT ANDERSINS VERLORE SOU GAAN MET DIE INSTANDHOUDING EN ONDERHOUD VAN TOERUSTING. ENORME BESPARINGS WORD ONDERVIND OP CHEMIKALIEë, MAN-URE EN STAANTYE, MET GEVOLGLIKE VERLIESE, WAT OP WINSGEWENDHEID IMPAKTEER.

KALKSTEEN EN ROES KOS GELD !

Kalk en Roes skade veroorsaak deur water van swak kwaliteit

Sonder PTH Met PTH

1 mm Kalk-aanpaksel op `n verhittingselement verhoog die energieverbruik met gemiddeld 10 %. Proewe het die PTH as 94.16% suksesvol bewys teen aankalking, terwyl tot 50 % aan chemikalië bespaar word, bv aan HTH vir swembaddens.

Die aanbevole vloeitempo's word op hierdie lys aangegee. Hoër vloeitempo's gaan gepaard met meer wrywing en groter drukverlies, terwyl laer vloeitempos minder doeltreffendheid tot gevolg het. Groter drukverlies beteken egter nie noodwendig swakker prestasie deur die PTH nie. Daar bestaan 'n PTH vir elke volume water per gegewe tydstip.

Die aanbevole grootte per spesifieke vloeitempo word hieronder aangedui.

AANBEVOLE VLOEI TEMPO = 1 - 3 METER PER SEKONDE

GROOTE IN DUIM	LEWERING MIN/MAKS		
	Huishoudelik		
1/2 "	10	15	LT / MIN
3/4 " (A)	15	35	LT / MIN
	Industrieël/Landbou/Besproeiing		

3/4 "(B)	20	70	LT / MIN
1 "	35	100	LT/ MIN
1.1/4 "	50	150	LT / MIN
1.1/2"	80	240	LT/ MIN
2 "	125	375	LT / MIN
21/2 "	235	700	LT / MIN
3 "	350	1100	LT / MIN
4 "	615	1900	LT / MIN
6 "	1400	4200	LT / MIN
8 "	2420	7260	LT / MIN
10 “	3820	11500	LT / MIN
12 "	5500	165000	LT / MIN

DIE 10-PUNT VOORSPRONG: OPGESOMDE VOORDELE VAN DIE ISRAELIESE PTH STELSEL TEENOOR OUD-MODIESE KONVENSIONELE SOUTVERSAGTERS

1. PRYS: PTH is aanmerklik goedkoper.

2. ONDERHOUD: PTH is prakties onderhoudsvry. Hars-versagters kan nie funksioneer sonder gereelde soutspoeling nie.

3. LOPENDE KOSTES: PTH het geen onderdele om te vervang nie, geen bewegende dele nie en is feitlik onbreekbraar. Die hars in soutversagters verouder en moet vervang word. Kleppe is dikwels wispulteurig en problematies. PTH funksioneer feitlik lewenslank kosteloos.

4. OMGEWINGSVRIENDELIKHEID: Sout afskeisel vrygestel deur hars-versagters in die grond tydens die soutspoelproses veroorsaak dat die grond verbrak en “niks” groei in brak grond nie. PTH, aan die ander kant wakker oeste dermate aan dat oesverbeterings van tot 200% al aangeteken is met water wat voorheen te brak was om te gebruik.

5. GERIEF: PTH bied sy eienaar maklike installlering. In-lyn. Stewige, praktiese ontwerp. Geen bewegende dele nie, Onbreekbaar. Skakel chemikalië uit. Gebruik geen elektrisiteit nie, terwyl daarenteen, kragonderbrekings spoelsiklusse by outomatiese soutversagters heeltemal omver gooi.

6. BESPARINGS: PTH bespaar sy eienaar aan chemikalië, sure, sluitings, staantye en mannekrag – alles faktore wat produksie affekteer en gevolglik winsgewendheid – dit geld aanlegte en fabrieke. Verskeie instansies het reeds duur “kontrakte” met chemiese maatskappye gekanselleer nadat hulle die voordele van die PTH beproef het. PTH gebruik geen elektrisiteit nie, afgesien van die feit dat dit onbreekbaar is

en onbepaald funksioneer. Harsversagters maak water meer aggressief, oftewel korrosief.

7. SMAAK VAN WATER: PTH verbeter die smaak van brak water. Harsversagters aan die ander kant, stel natrium in die water vry tydens die proses van katioon-uitruiling, gevolglik proe die water brak. (Natrium is die metaal-komponent van gewone tafefelsout.)

8. GESONDHEID: Naels breek minder maklik met PTH; vel-uitslag en irritasies word geminimiseer. Haar-vastegolwe hou langer, en mense wat hulle hare twee keer per week sjampoe, meld dat hulle dit nou slegs een maal per week hoef te doen. PTH stel die liggaam in staat om voort te gaan om kalsium en magnesium in die water te absorbeeer. Hierdie stowwe – noodsaaklik vir die opbou en instandhouding van selle in tande, naels, hare en bene – is katione waarvan die werking van die PTH hulle absorbsie deur die menslike ligaam vergemaklik.

Nota: PTH word deur medici aanbeveel: Dr WVDM Bouwer, toonaangewende mediese spesialis, beveel die PTH aan vir sy pasiënte vir mediese redes: "Die ionisering van die mineralsoute in die water deur die allooi-katalisator se vrystelling van elektrone maak die water beter en veiliger vir menslike gebruik."

Aan die ander kant verwyder die hars in die soutversagters kalsium en magnesium geheel-en-al, en word die liggaam van die voordele van hierdie boustowwe ontsê. Veral vrouens ly dikwels aan osteoporose weens die gebrek aan kalsium en magnesium.

Die jongste wetenskaplike toetse dui verder aan dat kalsium en magnesium die ligaam teen hartsiektes kan beskerm.

Gevalle word aangemeld waar PTH verbruikers minder jeuk na 'n stort of bad, nadat hulle hul in versagte PTH water gewas het. (Opgeloste fosfaat-kristalle bevat fosfor en is dus nie geskik as drinkwater nie.)

Ons moet nie uit die oog verloor dat hars-versagters natrium in die water vrystel, tydens die proses van katioon-uitruiling nie. Hoë natriumvlakke in water "behandel" deur outydse harsversagters, wakker bloed-hipertensie aan en vererger iso-chemiese hartkwale. "Sodium is a well established risk factor for hypertension and resulting ischemic heart disease" – GF Parkin, Department of Civil an Environmental Engineering en GF Lynch, Department of Preventative Medicine and Environmental Health, University of Iowa.

 # Reeds in 1995 is die gebruik van soutbedryfte harsversagters op 25 plekke internasionaal verbied. Sien aquadoc@otn.net.

In 1997 word daar verder melding gemaak van die gevare van konvensionele waterversagting, weer eens te lese op aquadoc@otn.net

(** Volgens ‘n verslag van die Departement van Waternavorsing van Heidelberg, wat aan mnr **Coenraad Strauss,** boer van die Barkly-Oos/ Kimberley distrik uitgereik is, is soutversagters se water ongeskik vir menslike gebruik.” Verw. Mnr Coenraad Strauss, Consisto Carriers, Johannesburg, Sel 083 2785017; faks no 011-915- 8002.)

9. VERVOER: PTH is kleiner en meer kompak as hars-versagters en kan maklik ontkoppel en saamgeneem word wanneer die eienaar na ‘n ander huis trek.

10. VEILIGHEID: Sekere fabrieke vervaardig en prosesseer voedsel, sappe, meel en bakpoeiers. Die gebruik van chemikaliee in hierdie omstandighede skep ‘n veiligheidsrisiko. PTH skakel hierdie risiko uit. Dieselfde geld melkerye en kaasfabrieke, waar dit hoogs onwenslik is om met chemikalië te werk, wat daardie produkte kan besmet of kontamineer.

WETENSWAARDIG…

Ons is al sedert 1996 die alleenverskaffers van hierdie merkwaardige produk in Suider-Afrika. Daar is na raming tussen 10 000 en 20 000 indivuele eenhede in bedryf in Suid-Afrika, Namibie, Botswana, Zambië en Mosambiek alleen. Wereldwyd word PTH’s in meer as 50 lande gebruik.

Daar is tientalle getuigskrifte beskikbaar, waarvan ‘n paar op ons webwerf verskyn.

Die PTH produk word onder meer gebruik deur Stellenbosch Universiteit, Sanlam, Woolworths, Polyoak, Anglo-De Beers, die SA Vloot en baie ander.

Die Nasionale Pers-groep het TWEE van hierdie uitmuntende toestelle.

Die Protea Hotelgroep verkies die PTH bo ander produkte omdat dit die verbruiker veelvoudige voordele bó ander vorme van waterbehandeling bied.

U is ook welkom om die Graangewasse Navorsings-Instituut van die Universiteit van Potchefstroom te kontak en met Wayne Coerzen te gesels. Hy sal bevestig dat "Potch" reeds vir jare lank ses (6) PTH toestelle gebruik met skitterende resultate. Sy selfoonnommer is 084 714 2203. As u nog meer wil verneem omtrent hierdie wen-produk, skakel gerus vir Dr Johan Mathee, wat 'n PTH reeds langer as vyf jaar gebruik. Sy tel no is 028 424 792 of sel 082 499 9932.

En as u wil hoor hoe 'n PTH by 'n kwekery presteer, praat gerus met Warren Mathews van Blue Bells Kwekery op Stilbaai. Warren vertel dat hulle drie jaar lak reeds 'n PTH in bedryf het. Die eerste dag reeds het die PTH van alle skuim, skifsel en kalk ontslae geraak, vertel Warren. Sy selfoonnommer is 082 460 8845.

Bel ook gerus vir Japie Cilliers op Hopetown op 082 388 2244.

OOR LANDGRENSE HEEN…

Jwaneng Casino Lodge, *Botswana*. Uitstekende resultate op urn en lugversorgers. Terugvoering van Irene Sheliza Bagassa, via André Pretorius wat die toestel aan die Casion besorg het, 19 April 2007.

"Ons het hierdie PTH waterkondisioneerders vir al byna twee jaar, en ons water is nog steeds helder met geen spoor van roes nie. Die ou kalkaanpaksels in die koeltorings het verpoeier en word maklik verwyder. Ons het nie meeer nodig om ons stelsel skoon te blaas nie en dis 'n allemintige besparing." – mnr D Dalton, Fabrieksbestuurder, Polyoak, Windhoek, *Namibie.*

En nog een…

GETUIGSKRIF OOR ISRAELIESE PTH WATERVERSAGTER

Nadat ons die PTH toestel begin gebruik het, kon ons die brak water in Rehoboth, Namibië vir die eerste keer drink, wat nie die geval was voor die installering van die toestel nie.

Die toets wat ek gedoen het, was om die water wat direk uit die boorgat kom, te vergelyk met die water wat deur die toestel gevloei het. JY KON DUIDELIK DIE VERSKIL IN DIE WATER BESPEUR.

Ek is baie beindruk sal beslis die toestel aanbeveel vir plaasboere met baie kalk in hul water.

SHIRLEY GERTSE

REHOBOTH

EIENAAR VAN PTH WATERKONDISIONEERDER

"Geen huishouding in Suid-Afrika wat ly aan die nadelige gevolge van kalk behoort sonder 'n PTH te wees nie".

- **Professor dr Richard Loewenthal, wereldbekende waterchemikus, Universiteit van Kaapstad.**

WINDMAKER BK, JARE LANK BEKEND AS

WATERVERSAGTING RSA

Kontak Pierre* by 082 900 9253 of Tom** by 076 0362340
Epos: pfm@isat.co.za

Ons posadres is Posbus 789, Struisbaai 7287.

Ons bedien al sedert 1996 waterverbruikers met die PTH produk.

Ons is stabiel en standvastig.

Ons leuse is DIENS, DIENS en DIENS.

Ons ouditeure is Boshoff Visser geoktrooieerde rekenmeesters, Bredasdorp.

VOORSIENERS VAN GEHALTE WATER BEHANDELINGS-TOERUSTING

ALLEEN-INVOERDERS EN VERSKAFFERS : ISRAELIESE PTH WATER-KONDISIONEERDERS

~ hoe harder die water, HOE BETER werk hy ~

* Pierre Massyn, BA Kommunikasiekunde (Hons) (Cum Laude, U O V S, 1977)
*Tom de Gale, BA, Universiteit van Natal, 1967.